**Graad 1 Afrikaans Huistaal** **Woensdag, 13 Mei 2020**

**Luister na die storie wat mamma vir jou sal lees en beantwoord die vrae mondelings (Luister en praat aktiwiteit)**



# Haas en Skilpad hardloop resies

Haas het vir Skilpad gespot omdat hy sulke kort bene gehad het en so stadig geloop het. "As ons resies hardloop, sal ek jou wen," sê Haas vir Skilpad, en lag. Skilpad het dadelik die uitdaging aanvaar. Daar is besluit dat Wolf sou besluit watter pad hulle moes hardloop. Hy sou ook besluit wie die wenner sou wees. Die resies het begin en Haas het met 'n spoed weggetrek. Skilpad het stadig, baie stadig die wedloop begin. Blitsvinnig het Haas so ver voorgeloop, dat dit 'n uitgemaakte saak was dat hy sou wen. Só seker was hy van sy saak, dat hy halfpad eers 'n bietjie onder 'n groot koelteboom gerus het. Gou was hy vas aan die slaap. Heelwat later, terwyl hy lê en slaap, het Skilpad verby gekom en stadig maar seker die wenstreep oorgesteek. Al die diere het gejuig en Wolf het Skilpad as die wenner aangewys. Toe Haas wakker skrik en Skilpad nêrens kon sien nie, het hy so vinnig as wat hy kon die wenstreep oorgesteek, maar teen daardie tyd was Skilpad reeds die wenner!

**Beantwoord die vrae mondelings:**

**1. Hoekom het Haas vir Skilpad gespot?**

(Haas het vir Skilpad gespot oor sy kort bene, hy het stadig geloop.)

**2. Wie moes besluit watter pad hulle moes hardloop?**

(Wolf moes besluit watter pad hulle moes hardloop.)

**3. Waar het Haas gerus?**

(Haas het onder 'n groot koelteboom gerus.)

**4. Wat het die ander diere gedoen toe Skilpad die resies wen?**

(Al die diere het gejuig toe Skilpad die resies wen.)

**5. Watse les leer ons uit die storie?**

(Enige gepaste antwoord bv. ons mag nie ander spot nie, ons mag nie dink ons is beter as ander nie, ens.)